



GOEIE GENADE

JY IS SPESIAAL!



SIEN JOUSELF SOOS GOD JOU SIEN
EWALD VAN RENSBURG

Jy is deur genade herwin

Lukas 15:1-2; Romeine 13:13-14;
2 Korintiërs 5:17; Filippense 1:6

● Storietyd

Daar was 'n ma wat sonder ophou vir haar kind gebid het. Sy pa het nie in die kerk of geloofsake belang gestel nie en het 'n los lewe gelei.

Die ma wou baie graag hê haar seun moes in God glo, maar hy is elke keer onwillig kerk toe. Daar het hy in elk geval meer belang gestel in die meisies as in die preke (soms is meisies interessanter as preke).

Maar sy ma het aangehou bid ...

Ná skool het die seun verder gaan studeer, maar daar het hy natuurlik met die verkeerde vriende begin uitgaan, begin drink en rondslaap. Later het 'n meisie met wie hy uitgegaan het, swanger geraak en hulle seun is gebore.

Veertien jaar lank het hulle saam gewoon sonder om te trou.

Maar steeds het die jong man se ma bly bid ...

Stadigaan het hy begin belang stel in godsdiens en etiek. En sy gebed in dié tyd was: "Gee matigheid en reinheid, maar nie nou al nie ..." Intussen het hierdie jong man 'n professor in kommunikasiekunde in Milaan en 'n briljante leermeester geword. Hy het die meisie met wie hy so lank 'n saamleef-verhouding gehad het soos 'n warm patat gelos en verloof geraak aan 'n baie ryk jong vrou. Maar steeds het hy bly soek na vrede.

Deel 1 ● Jy is deur genade herwin

En steeds het sy ma volhard in gebed ...

Op 'n dag het die jong man by 'n bedelaar verby gestap wat van pure lekkerte diep uit sy maag gelag het. Die jong man het die bedelaar vol verwondering aangekyk en by homself gedink: *Daardie arme drommel het niks nie, en tog het hy 'n geluk wat ek nie het nie*. Hy het sy verlowing verbreek en by 'n ander vrou ingetrek. In hierdie tyd het 'n Christenvriend hom saamgenooi kerk toe. En stadig het die lig begin deurbreek. Maar hy het steeds bly drink en verhoudings met die een vrou na die ander aangeknoop.

Maar sy ma het bly bid ...

So het dit gekom dat die jong man op 'n dag saam met sy vriend in 'n tuin gesit en kuier het. Ná 'n ruk het hy opgestaan en in die tuin begin rondstap. Hy was rusteloos, intens bewus van 'n gemis in sy lewe. 'n Groot hartseer en 'n verlange het hom oorval en hy het op sy knieë gegaan en begin huil. Die rede? Hy het 'n kind daar naby 'n bekende kinderliedjie van sy tyd hoor sing: "Neem en lees." Hy is terug na sy vriend toe, maar hy was reeds weg. Daar het net 'n Bybel op die leë tuinbankie gelê. Die jong man het die Bybel oopgemaak en sy vinger willekeurig op 'n Skrifgedeelte geplaas. Dit was Romeine 13:13-14. Vers 13 het hom oortuig van sy sonde en vers 14 het hom oortuig dat hy anders moes leef. En net daar het die jong man op sy knieë neergeval en die Here aangeneem. Hy is deur genade herwin. Hy was 32 jaar oud.

Sy naam was Augustinus (354-430 nC) – een van ons groot Kerkvaders wat 'n geweldig belangrike rol in die kerk gespeel het. Sy ma, Monica, het hy herdoop na "God se stem". En dis Augustinus wat gesê het: "Onrustig is ons hart totdat dit rus vind by U, o God."

● Bybeltyd

Lees Filippense 1:6; Lukas 15:1-2; Romeine 13:13-14 en 2 Korintiërs 5:17 (Augustinus se bekeringsverse).

● Weettyd

Wat ek hier skryf, is geïnspireer deur Leonard Sweet se "Build a compost heap" uit *Soulsalsa*. En die subtitel vir hierdie hoofstuk is "God is dol oor rommel". Dit is as gevolg van hierdie liefde van God dat ons deur sy liefde herwin (*recycle*) word. Rommel – ons sonde – skrik God nie af nie. Dit is wat

al hierdie tekste wat jy nou net ge lees het vir jou sê. Lukas 15:1-2 vertel vir ons dat God Hom in Jesus met rommelmense – tollenaars, sondaars – vereenselwig het. Luister net hoe pragtig vertaal The Message hierdie twee verse:

By this time a lot of men and women of doubtful reputation were hanging around Jesus, listening intently. The Pharisees and religion scholars were not pleased, not at all pleased. They growled, "He takes in sinners and eats meals with them, treating them like old friends".

Jesus het gesê Hy het juis vir sulke mense van *doubtful reputation* na die aarde gekom.

2 Korintiërs 5:17 vertel dat God die ou rommelmens verander in 'n nuwe mens met 'n splinternuwe identiteit.

Filippense 1:6 is vir my altyd 'n troos. Dit bevestig die feit dat God nie vir rommel skrik nie en ook nie sy neus daarvoor optrek nie. Hy sal klaarmaak wat Hy in ons begin het en Hy sal die rommel van ons lewe herwin.

Maar soms skrik ons vir die rommel van ons lewe en laat die rommel ons lewenstorie word, en nie die storie wat God met ons rommel kan doen nie. Soos die volgende storie perfek illustreer.

Die wenner van die rugbywêreldbeker hou elke vier jaar die William Webb Ellis-trofee omhoog. Hoe het rugby begin?

Daar word beweer dat 'n seun met die naam William Webb Ellis in 1823 konsentrasieverlies ervaar het tydens 'n sokkerwedstryd by sy skool in Rugby. Hy het die bal gevang en na die doelhok begin hardloop in plaas daarvan om die bal te dribbel of skop!

Natuurlik het sy spanmaats hulle doodgelag en hom gespot. Maar in plaas van om saam te lag is William Webb Ellis sielkundig gewond deur die voorval. Hy was oorsensitief oor sy fout.

In iemand anders se verbeelding was dit 'n vonk wat 'n nuwe sport laat ontstaan het waar die bal eerder aangegee sou word in plaas daarvan om gedribbel te word. Die rugbywêreldbeker het naas die sokkerbeker die meeste televisiekykers ter wêreld!

Maar tog het William Webb Ellis nooit voorsien dat iemand anders sy fout sou gebruik en die gewilde sportsoort laat ontstaan nie.

God kan elke fout – ons rommel – in iets waardevols herwin. Dis genade ...

Die volgende twee oplossings vir gewone rommel geld ook vir die rommel van ons lewe. Hier is dit:

1. Kompos

Alles wat God gemaak het, is vergaanbaar. Niks lewe vir altyd nie – selfs die oudste boom gaan die een of ander tyd dood. Maar in sy natuur het God hierdie wet gestel: Die verrotte en dooie word kompos vir die grond waaruit nuwe lewe voortspruit. Kompos stimuleer die goeie en die mooie sodat daar uit die rommel 'n blom kan groei. Uit die oue bring Hy lewe – dís hoe Hy alles gemaak het.

Kopi Luwak is volgens kenners die duurste, gesogste, mees uitheemse en smaaklikste koffie in die wêreld. Die verhaal wat van Kopi Luwak die duurste koffie maak, is eintlik die “evangelie in 'n koffiepitt”. Die Luwak is 'n baie rare sivet-kat wat in Indonesië aangetref word – Indonesië natuurlik ook die bron van die beste koffiepitt ter wêreld.

Die Luwak is eers beskou as 'n pes, want dit klim in die koffieboom en vreet dan net die rypste en rooiste koffiekersies. En wat hierdie diere vreet, moet hulle natuurlik ook uitskei. Sekere mense het die koffiepitt wat die katte uitskei, begin optel. Die pitt was redelik ongeskend en die ensieme van die dier se maag het deur gisting 'n unieke smaak aan die koffie gegee. Ja, die duurste koffie staan bekend as “miskoffie”. Ek het al die voorreg gehad om hierdie koffie te drink ... interessante smaak!

Trek jy miskien jou neus hiervoor op? Wat is heuning anders as 'n by se ...? Dís die boodskap van die Bybel – God kan die slegste neem en die beste daarvan maak. Dís die boodskap van Golgota. Golgota was die ashoop en begraafplaas van Jerusalem. Dit is die blywende simbool dat God dol is oor rommel en dat Hy ou rommel in iets nuuts wil en kan verander.

2. Herwinning (*recycling*)

Met herwinning neem 'n mens afgeleefde, verslete, opgebruikte en waardelose dinge en herwin dit tot bruikbare artikels. Die uiteinde is 'n nuwe identiteit en doel. Net so belowe die Bybel ons dat God ons rommel kan neem en dit tot iets nuuts kan herwin. Die Bybel is vol bewyse hiervan:

- Abraham lieg en sê dat Sara sy suster is – en word deur God herwin as die vader van alle gelowiges.

- Josef, 'n hoogmoedige bogsnuiter, word deur God herwin as 'n voorbeeld van nederigheid, vergifnis en geloof.
- Gideon, 'n lafaard so uit die boek, word deur God herwin as 'n geloofsheld wat veg vir die Here.
- Johannes Markus, 'n onbetroubare wat Paulus en Barnabas in die steek laat (Hand 15:38), word herwin as die skrywer van die Markusewangelie.
- Jakobus en Judas, broers van Jesus wat Hom verwerp het, word herwin as brieffskrywers in die Bybel.

So kan ek ook nog dink aan Moses, Jakob, Simson, Dawid, Petrus en Paulus. En elkeen is die bewys dat my stelling oor ons 100 persent die waarheid is: *Ons is herwin deur genade.*

Daar is 'n Walliese legende wat hierdie herwinning deur genade tot op die uiterste verduidelik:

Daar word vertel dat toe Judas homself opgehang het, niemand hom wou gehad het nie. Nie eens die hel nie. So is Judas gedoem tot die verlate vlaktes in die noordelike gedeeltes van die heelland, om daar rond te dwaal. Daar moes hy alleen in die koue en in die sneeu en in die donker saamleef met wat hy gedoen het.

Uiteindelik, ná al sy omswerwings, kom hy by 'n helder verligte huis aan wat duidelik gereed gemaak is vir 'n fees. 'n Bruidegom staan daar met 'n brandende fakkel in die deur. Hy hoor hoe Judas, vermom as 'n wolf, buite sit en huil.

Dan kom die siel van Judas na die deur toe en val voor die bruidegom se voete neer. En op daardie oomblik sê die bruidegom, Jesus: "Ek wag al so lank vir jou om te kom sodat Ek die fees van die koninkryk kan laat begin."

Die punt van hierdie legende is dat selfs Judas se rommel herwinbaar sou gewees het as hy net daarmee na Christus toe gegaan het. Alle rommel is herwinbaar, maak nie saak hoe sleg dit is nie.

Hierdie twee oplossings – *kompos* en *herwinning* – vir ons rommel is 'n lewenslange proses. Maar, goeie genade, ná elke keer se kompos maak of herwinningsproses is ons nóg spesialer as wat ons was, want God kan met enige krom stok 'n reguit lyn trek!

● Dinktyd

God is 'n hemelse vullisversamelaar. Ons lewe midde-in ons sonde en dit hoop op totdat ons op 'n vullishoop is met sy stank in ons neuse. Dit is God wat ons lewe leefbaar hou en die atmosfeer só maak dat ons dit kan inasem.

~ ALBERT MOLLEGEN

Wanneer God die rommel van ons lewe sien, verag Hy ons nie en daarom hoef ons onself nie te verag nie. Hy wil saam met ons kyk na die rommel as boustof vir 'n heel nuwe lewe wat vry en vol blydskap is.

~ KJ KRAAN

Bidtyd

*O God van die tweede kans en die nuwe begin,
hier is ek al weer.
Amen.*

~ NANCY SPIEGELBERG

● Skryftyd

GOEIE GENADE



JY IS SPESIAAL!

SIEN JOUSELF SOOS GOD JOU SIEN

In hierdie saamgeselsgids gee Ewald van Rensburg vir jou 'n verrassingspakkie oor wie jy in Christus is. Maak jou veelkleurige geskenk oop en ontdek:

- God het eerste na jou uitgereik.
- Jy is vir God baie spesiaal.
- God gee baie om wat van jou word.
- Jy as mens het baie waarde in God se oë.

Hierdie boek help jou om elke dag met nuwe oë na jou lewe te kyk. En dit gee jou 'n kykie op God se glimlag oor jou.

EWALD VAN RENSBURG spesialiseer in verhoudingsbediening (huwelik, familie en jeug). Hy is predikant van NG Familiekerk Hottentots-Holland, Somerset-Wes. Hy het al heelwat boeke geskryf en pryse daarvoor ontvang. Hy is getroud met Beatrix en hulle het twee kinders, Liani en Ewald.

 Bybelkor

www.bybelmedia.org.za

ISBN 978-0-86487-746-8



9 780864 877468